Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 14 Mei 1947. Nr. 21.

# Brittanje Weier Sy Skuld te Betaal

## Wanhoopsgeworstel Van 'n Sterwende Empire

**Weens sy bankrotskap dreig Brittanje tans om nie sy skulde te betaal wat hy gedurende die oorlog aangegaan het nie. Hierdie dreigement het tot sover nog hoofsaaklik betrekking op lede van sy ryk, onder wie Indië en Egipte die vernaamste skuldeisers is.**

**Nadat Engeland sonder raadpleging van ander rykslande die oorlog uitgelok het deur sy waarborg aan Pole eis hy nou dat die ander sy oorlogskuld vir hom moet betaal.**

Die Britse minister van finansies, Hugh Dalton, het verlede week 'n verklaring gedoen dat Brittanje nie kans sien om alleen die skuld van meer as £3,000 miljoen te dra nie. Hy het aangevoer dat Engeland se oorlogskuld „onwerklik, onbillik en 'n ondraaglike las op die Britse volk" is. „Engeland is sterk," het hy gesê, „maar een bewys van sy krag moet wees sy vasberade weiering om hierdie fantastiese verpligtings wat buite die perke van goeie verstand en billikheid is, op hom te neem!"

BANKROT-KRAG

Hierdie uitlating kom daarop neer dat Brittanje voor die oorlog sy krag kon openbaar deur 'n militêre waarborg aan 'n Europese staat te gee en daardie verpligting na te kom ten koste van die wêreldvrede; maar nou ná die oorlog, moet hy sy krag daarin toon dat hy nie sy wetlike verpligtings nakom nie. **Daarmee bewys hy geen krag nie, dog algehele bankrotskap aan kapitaal en sedelikheid.**

SY SKULDENAARS

Aan Indië skuld Engeland meer as £1,200 miljoen, aan Egipte £440 miljoen, aan Ierland £250 miljoen, Australië £170 miljoen, Suid-Afrika ongeveer £25 miljoen, Noorweë £80 miljoen, en Brazilië £65 miljoen.

**Die Engelse pers is hoogs in sy skik met hierdie oneervolle beleid wat Brittanje van plan is om te volg, wat hy vertolk as 'n bewys dat Engeland „harder" word, en dat dit daarop neerkom dat hy aan sy skuldeisers sê: „Wel, as julle nie toestem tot die voorwaardes wat binne Brittanje se vermoë is nie, wat gaan julle daaromtrent doen?"**

ROOK

Intussen is Engeland se geldelike posisie nog steeds aan verswak. Die reuse-bedrag van meer as £700 miljoen wat hy van Amerika geleen het, het vir 'n groot deel al in rook opgegaan, want daaruit is meer Amerikaanse tabak as voedsel gekoop. Teen verlede maand het Brittanje hierdie lening teen 'n tempo van £100 miljoen per maand verbruik sodat dit hom nouliks aan die lewe sal kan hou tot die einde van die jaar. Watter deel hiervan vir tabak gegaan het, kan geraai word as in aanmerking geneem word dat gedurende die laaste ses maande van verlede jaar Engeland £39,200,000 daarvan bestee het aan tabak teenoor slegs £29,700,000 aan voedsel!

Ten einde die Britte te beweeg om minder te rook is die belasting op sigarette en tabak onlangs aansienlik verhoog, sodat sigarette tans in Brittanje 2d. stuk kos.

SKADE

By dit alles het Engeland geweldige skade gely deur die onlangse natuurrampe. **Die brandstofkrisis alleen het Brittanje se krediet met £200 miljoen verminder weens verliese aan uitvoer.**

„Dit beteken dat ons die vermoë verloor het om £200 miljoen se voedsel, grondstowwe en masjinerie wat ons dringend nodig het, in te voer," het die betrokke minister verlede week verklaar.

**In sy nood is die Britse regering tans besig om sy onderdane ook af te leer om vrugte te eet. Deur 'n verbod te plaas op die invoer van sagtevrugte uit Suid-Afrika, hoop hy om meer van die Unie se goud in hande te kry as betaalmiddel aan dollarlande.**

# Verbod teen O.B. in Staatsdiens

## Moontlik Opgehef

**Die regering oorweeg die opheffing van die verbod teen die Ossewabrandwag ten opsigte van die staatsdiens, volgens 'n opmerking van mnr. H. G. Lawrence, Minister van Binnelandse Sake, verlede week in die parlement.**

**In sy antwoord op 'n beskuldiging van diskriminasie teen 'n O.B.-offisier, het die minister gesê dat dit blykbaar voortspruit uit die tyd toe die regering bepaal het dat O.B.-lede nie staatsamptenare mag wees nie. „Die tyd het miskien nou aangebreek dat die regering die opheffing van hierdie verbod van lede van die O.B. moet oorweeg." Die minister het bygevoeg dat hy niks verder op die oomblik daaroor wil sê nie.**

# Duitsers Word Lewenslange Sowjet-Slawe

**Die tweemiljoen Duitse krygsgevangenes van wie die Russe geen verslag kon gee nie, en omtrent wie allerweë aangeneem is dat hulle op een of ander manier deur die Russe gelikwideer is, werk tans op plase in Rusland en word nie meer as Duitse krygsgevangenes beskou nie, maar as „Russiese burgers," volgens 'n berig in die Duitse pers. Daarmee word eintlik bedoel dat hulle lewenslange slawe is.**

**Die Russe het onlangs aangekondig dat hulle minder as een miljoen Duitsers aanhou, terwyl Duitse bronne volgehou het dat daar minstens driemiljoen Duitsers in Rusland moet wees.**

# DUITSERS HET OOR „MAK" ATOOMKRAG BESKIK

**Duitse wetenskaplikes het reeds teen die somer van 1940 atoomkrag voortgebring met 'n masjien wat hulle diep in 'n grot vervaardig het. Dit sou ontwikkel word om deur die Duitse weermag gebruik te word. Die masjien is tans in Amerika.**

Hierdie merkwaardige verklaring is gedoen deur prof. Werner Heisenberg, een van die bekende Duitse Natuurwetenskaplikes.

Die bereiding van die atoomkrag is baie eenvoudig. **„Neem 800 twee-duim-buise suiwer uranium. Verbind dit met dun draadjies. Laat die draadjies in 'n aluminium bak hang. Vul die bak met swaarwater; die resultaat—beheerde atoomkrag word vrygestel en 'n mees kragvolle ontploffing word teweeggebring," het hy gesê.**

TE MIN SWAARWATER

Die ontwikkeling van die krag is egter gestrem deurdat die Duitsers nie genoeg „swaarwater", wat hulle van 'n fabriek in Noorweë verkry het, kon kry nie omdat die fabriek vernietig is.

Hy het verder verklaar dat die Duitse inligtingsdiens bewus was van die Amerikaanse atoomnavorsing maar het dit nie as gevaarlik beskou nie.

Prof. Heisenberg is nou in die Britse gebied, maar die masjien waarmee die atoomkrag voortgebring is, is deur die Amerikaners na Amerika gebring. Hulle wou die professor ook saamneem, maar die Britte het beswaar gemaak deur te verklaar dat hy daar moet bly ten einde ander Duitse wetenskaplikes daarheen te trek.

# SLAWE-ARBEIDERS



**In Brittanje word Duitse krygsgevangenes twee jaar na die oorlog nog steeds as slawe-arbeiders gebruik. Ook in Rusland en Frankryk doen baie duisende Duitse gevangenes soortgelyke arbeid. In die volksraad het die veldm. Smuts onlangs na hierdie gebruik verwys en verklaar „dat dit na slawe-arbeid lyk, en nie strook met die Geneefse Konvensie nie."**

**Die foto toon 'n aantal Duitse krygsgevangenes in Engeland besig om skuilkelders teen bomaanvalle te sloop.**

# RUSLAND LÊ BESLAG OP VOEDSEL IN EUROPA

## Vir Sy Leërs

**In Europa het daar in die afgelope week 'n toestand ontwikkel wat daarop neerkom dat die Verenigde State besig is om die Rooi Leër in Europa van voedsel te voorsien vanweë die Russiese beslaglegging op voedsel wat Amerika aan geteisterde lande gelewer het om die hongersnood te verlig.**

Roemenië het Amerika in kennis gestel dat Rusland eis dat Roemenië minstens 400 vragte meelblom wat die V.S.A. na Roemenië gestuur het, aan die Russe moet afstaan. Die meel is deel van die voedsel wat die geallieerde lande aan Europa lewer om die hongersnood te verlig. Onder druk van die Russe het Roemenië toegestem en 400 vragte meelblom aan die Russe afgestaan. Dit word gebruik om die Russiese leërs in Roemenië te voed.

NUWE EISE

Rusland het verder ook nuwe herbetalingseise aan Hongarye gerig. Hiervolgens moet Hongarye £50,000,000 meer aan die Russe betaal as waartoe voorheen ooreengekom is.

Die nuwe eise sluit onder meer in dat al die Duitse eiendomme in Hongarye aan die Russe oorgemaak word en dat Hongarye al die geld wat hy nog aan Duitsland geskuld het, aan Rusland moet betaal.

Inmiddels het die Russe Oostenryk in kennis gestel dat indien die koerante nie ophou om oor die voedselposisie te kla nie, Rusland sy aandeel aan die verskaffing van voedsel sal staak.

# Met Staal En Al Na Bodem

**Sonder dat een enkele staalplaat van die oefenskip Generaal Botha verwyder is, is hy vroeg hierdie week op sleeptou geneem om nege myl van die kus, in die omgewing van Simonstad, deur kanonvuur tot sink gebring te word. Die verskoning vir hierdie vermorsing van staal is dat die Unie se geskikte slopingswerwe het waar die skip afgetakel kon word nie. 'n Ander ekskuus was dat die skip nie sal sink as die staal eers verwyder word nie!**

# „Parlement Het Dodelik Gevaarlik Geword"

## Selfkritiek van Demokrate

**Die demokratiese wêreld is in die jongste tyd diep in bepeinsing oor die waarde van die parlementêre stelsel as demokratiese instelling, en heelwat selfkritiek word uitgeoefen deur die betrokke partye.**

**Ons het verlede week 'n opsomming van 'n skerpe veroordeling deur Die Burger gepubliseer, en dieselfde week het daar 'n hoofartikel in 'n regeringsblad verskyn, wat ons elders afsonderlik plaas. Maar ook van Arbeiderskant is die parlement met 'n skerp mes ontleed. 'n Medewerker van Forward verklaar dat die kiesers blote werktuie in die hande van politieke partye geword het en nie meer vir hulself dink nie.**

UITGEDIEN

Hy wys daarop hoe die politieke partye vir die een of ander rigting staan wat in breë trekke deur 'n deel van die volk gevolg word, maar dan alle daadwerklike optrede uit die hande van die kiesers neem. „Die volk is dankbaar om hul dinkwerk vir hulle gedoen te kry, en hul uitkyk neem vorm aan op lese wat nie hul eie is nie.

**Hulle is toeskouers wat een van die kante toejuig. Hulle skep nie die openbare mening nie en oefen geen druk uit nie. Dit word gedoen deur die politieke breintrusts in die partye. Hierdie sitting van die parlement is bewys vir dit alles. Daar word dikwels verwys na „die volk daarbuite!" dit is 'n ware uitdrukking, want die volk is inderdaad uitgesluit van die politieke spel wat aangaan. Hulle sal maar weer ingespan word vir partybelange. Hulle is maar net werktuie en slawe**

Daar is geen groot wetgewing voor die parlement nie. Die vernaamste debatte sal gaan oor die begroting. Dit sal elke geleentheid bied vir partypropaganda en verkiesingspraatjies.

**Die parlement sal dus hierdie sitting eindig soos hy begin het — in vrugteloosheid van daad en leegheid van siening. Hy is ryp vir ontbinding. Hierdie parlement het sy nut oorlewe."**

IN ENGELAND

Ook uit Engeland gaan die stemme op teen die uitgediendheid van die parlementêre stelsel, en allerlei oorsake vir die verval word genoem. So verklaar die redakteur van die Overseas Intelligence Digest, wat 'n ondersteuner van die konserwatiewe element in Brittanje is, dat die parlementêre stelsel vandag beslis 'n gevaar geword het weens die swak gehalte parlementariër wat dit in die twintigste eeu na vore gebeur het.

Hy skryf:

„Die parlementêre stelsel het 'n ooreenkoms begin toon met die openbare skool-stelsel. Die swepe openbaar 'n treffende ooreenkoms met die prefekte. Solank Brittanje deeglik regeer is deur daardie groot selfstandige maghebbers (van die vorige eeu) het alles goed gegaan. Die openbare skoolseun is geleer om sy persoonlike begeertes en gedagtes te onderwerp aan die verklaarde beleid van sy span. Dit, soos ek sê, was goed toe die leiers van die span betroubare manne was.

**Maar dit het noodlottig geblyk toe die leierskap op 'n heeltemal nuwe tipe geval het, nie die selfstandige staatsman van die 19e eeu nie, maar die politieke baantjiesoeker van die 20ste eeu. Toe het die onderdanigheid van individuele idees aan die leiers van die span, noodlottig geword.**

„Hoe dikwels hoor 'n mens nie sedert die afgelope twintig jaar 'n parlementslid aan tafel sê dat hy vir dit of dat gestem het omdat hy deur die sweep aangesê was om dit te doen, hoewel hy hewig daarteen gekant was nie.

„Dit is die eerste verskil wat ek tussen die 19e en 20ste eeu opmerk. **Die leierskap het heeltemal verander. Die stelsel wat feitlik volmaak was onder bevoegde leierskap, is vandag uiters gevaarlik. 'n Mens weet hoe die prefek-stelsel in die skole eersteklas is solank die prefekte goed is, en dodelik gevaarlik wanneer hulle sleg is."**

# Gaan Unie Madagaskar Beset?

Die opstand van die inboorlinge van Madagaskar teen die Franse het nou 'n stadium bereik dat dit moontlik is dat Frankryk hierdie gebied gaan ontruim. Wanneer dit gebeur, is dit moontlik dat Suid-Afrika gevra sal word om die plek van Frankryk in te neem.

Dit het reeds aan die lig gekom dat Suid-Afrika amptelik op die hoogte gehou word met die ontwikkeling van die toestand op Madagaskar. Uit Parys word berig dat Suid-Afrika dit oorweeg om die taak van die Franse oor te neem.

Madagaskar is slegs 780 myl van die Suid-Afrikaanse kus verwyder. As verdedigingsvoorpos teen die Ooste is dit vir Suid-Afrika en Europa van besondere betekenis.

# Naturelle Ontvang Selfbestuur

## SEGREGASIE-BEGINSEL 'N HALFGEBAKTE BELEID

**'n Verregaande beleidsontwikkeling is verlede week deur genl. Smuts ten opsigte van die naturelle aangekondig toe hy 'n afvaardiging van die Naturelleraad in Kaapstad meegedeel het dat die regering die Naturelleraad, soos ingestel onder die Hertzogwet van 1936, se magte so gaan uitbrei dat dit 'n besturende liggaam vir die naturellegebiede word sonder blanke verteenwoordiging, en verder dat die regering ook afsonderlike naturelle-vakbonde gaan erken. Daar is sowat 100 naturelle-vakbonde wat op die oomblik aandring op erkenning.**

Die besonderhede omtrent die magte van die nuwe naturelleraad sal later met die provinsiale rade bespreek word.

**Hoewel daar verskillende bedenkinge ingebring kan word teen die stap van genl. Smuts, en veral die metode waarop hy die saak aangepak het, is hierdie beleidsaankondiging van die Eerste Minister in sy wese 'n stap in die rigting van segregasie en kan dit as sodanig verwelkom word. Dit is net jammer dat dit die indruk skep asof dit 'n toegewing aan die weerbarstige naturelleraad is wat in die jongste tyd 'n uiters astrante houding teenoor die Unie-regering ingeneem het.**

HALFGEBAK

Terselfdertyd moet ook beklemtoon word dat die ideaal dat die naturelle hulself in hul eie gebied moet bestuur — 'n beleid wat die O.B. sterk voorstaan — nie verwesenlik sal kan word onder die huidige halfgebakte metodes van die regering nie.

**Die beleid van segregasie word deur die huidige bewind aan die een kant skoorvoetend gevolg, maar terselfdertyd word geweier om die volle konsekwensies van so 'n beleid te aanvaar en deur te voer.** Die vraagstuk word nog meer bemoeilik deur die uitbuiting daarvan in die parlement — iets wat al soveel skade aangerig het dat sowel van opposisie- as van regeringskant herhaaldelik geroep is om die saak buite die partypolitiek te hou. Die blote geroep word egter deur die onderskeie partye as politieke propaganda beskou en daarom bly die saak waar dit is.

Die vernaamste voorwaarde vir 'n stelsel van selfregering aan die naturelle is dat dit in gees van welwillendheid aanvaar en as deel beskou moet word van 'n breë segregasiebeleid wat ten doel het die afsonderlike ontwikkeling van die naturel in sy eie gemeenskap.

**Sonder hierdie voorwaardes mag so 'n stap slegs 'n speel in die hand van kommunistiese agitators wees.**

Dat die huidige houding van die naturelle leiers in die raad egter alles behalwe welwillend is, blyk uit die feit dat hul dagbestuur hierdie beleid verwerp het en regstreekse verteenwoordiging in alle wetgewende liggame eis.

# Kiesers Kry Skuld Vir Slegte L.V.'s

## „Stuur Swak Materiaal Na Parlement"

**Verontrus oor die lae peil van die Unie-parlement, wat in die jongste tyd van so 'n aard is dat lede van die publiek daarheen gaan om hulself te vermaak, probeer die Forum, 'n regeringsweekblad, die oorsaak vir die agteruitgang by die kiesers vind!**

Die blad begin deur te erken dat die parlement in 'n vervalle toestand verkeer: **„Geen waarnemer van die parlementêre toneel, geen intelligente koerantleser kon nie in die jongste jare getref wees en bedruk voel oor die swak gehalte van menslike materiaal in alle partye wat die parlement uitmaak nie. 'n Glad te hoë persentasie van die huidige volksraadslede, om die senaat maar nie te noem nie, is intellektueel en andersins nie werklik toegerus om bevoegde wetgewers te wees nie.**

„Met ander woorde, 'n verontrustende aantal L.V.'s verkeer wat dit, die hoogste raad in die land, betref, op glibberige terrein en kan daarom weinig of geen bydrae lewer tot die goeie bestuur van die land nie."

„KIESERS SE FOUT"

Hierdie toestand meen die blad is nie die fout van die parlementslede of die parlement nie, maar „geheel en al van die kiesers wat hierdie mense na die parlement stuur as hul verteenwoordigers. Dit lê in die hande van die kieserskorps om te besluit wie hulle moet verteenwoordig. Maar dit is van geen waarde om te wag vir 'n algemene verkiesing om dit te doen of om te meen dat 'n kruisie eenmaal in vyf jaar genoeg is nie. Die tyd om op te tree is in die jare tussen die verkiesings, met ander woorde, nou. En die metode om dit te doen, is om belang te stel en deel te neem aan die politieke lewe, desnoods op die laagste kerf, d.w.s. aan die werksaamhede van die plaaslike tak of afdelingsbesture."

DIKTATURE

Hoe die gewone partylid of selfs taksvoorsitter verby gaan kom by die partydiktature wat in die jongste jare van bo af beslis wie as kandidaat mag staan en wie nie, beduie die blad egter nie.

**Almal weet dat die politieke partye in hul ywer om slaafse gehoorsaamheid in die koukus te verkry in die jongste jare steeds meer en meer die keuse van verteenwoordigers uit die hande van die kiesers geneem het.** Die een party het 'n stelsel van kieskolleges om die plek te neem van vroeëre takbenoemings, terwyl 'n ander weer volmag aan sy hoofleier gee om benoemings te veto. So het daar op 9 Maart 1942 nog die volgende aankondiging in 'n partykoerant onder handtekening van die hoofleier, verskyn:

**„Met die oog op ons Partybelang en kragtens die buitengewone magte wat die kongres op 4 Augustus, l.l. aan my verleen het, verklaar ek hiermee die benoeming van 'n partykandidaat vir die aanstaande Provinsiale Raadverkiesing vir die kiesafdeling Namakwaland as nietig te wees, en bepaal ek verder dat 'n nuwe benoeming deur die takke van die party sal plaasvind op 25 Maart om 2 n.m.**

Die gewone partylid het deesdae dus weinig mag om te kies wie hy wil. Sy magte het hy oorgedra aan sy partybesture.

# V.P. - Jeug Soek Iets Nuuts

**Na afloop van 'n vergadering wat genl. W. R. Laubscher op Marydale toegespreek het, het 'n jong Afrikaner wat lid is van die Verenigde Party opgestaan en verklaar dat hy, en hy meen ook baie jong manne van sy geslag, na iets nuuts en iets beters soek om die plek van die partystelsel in te neem.**

**Genl. Laubscher het in sy toespraak beklemtoon dat die Ossewabrandwag die draer is van 'n vernude lewensbeskouing en staatsvorm wat die gees van ons volk verjong en sy materiële welvaart gaan verseker.**

Die blad gaan dan voort om te beduie hoe die kiesers hulself maar moet verwyt vir die feit dat „soms 'n goeie verteenwoordiger, maar dikwels slegte verteenwoordigers" na die parlement gestuur word weens hul gebrek aan deelname aan die politiek.

# Selfloosheid In Diens Van O.B.

Groblershoop.—Mej. Swanepoel wat omtrent die liggaamsbou van 'n 4-jarige kind het hoewel sy reeds 31 jaar oud is, was met Vryheidsdagviering te Grootdrink teenwoordig. Sy het toe versoek dat sy skuil gehou moet word en dan moet elke kind wat haar wil sien, minstens 'n trippens betaal. Die opbrengs moet dan in die Noodhulpfonds gestort word. Op die manier is gou-gou 10s. gein.

Mej. Swanepoel is die dogter van mnr. en mev. Cornelius Swanepoel woonagtig ongeveer 150 myl ten noorde van Upington in die Kalihari. Sy kan baie mooi handwerk en naaimasjienwerk doen en is 'n vurige O.B. Sy is gebore op 18 Maart 1916.

'N PRAGTIGE BEDRAG van £1,055 is ingesamel op 'n Kerk-basaar, te Kanon Eiland op Saterdag, 26 April. Die bedrag het alle vorige opbrengste oortref. (Korr.).

# Bring Boodskap Van Trou Uit Tronk

## GEVANGENE LOSGELAAT

**Saam met hom uit die Sentrale Gevangenis waar hy sedert 1942 aangehou is, het mnr. J. A. van Zyl wat op 'n agtdaagse hongerstaking was om die regering te dwing om reg aan hom te laat geskied, 'n boodskap van die dertien oorgeblewe politieke gevangenes aan die K.G. oorgebring waarin hulle opnuut hul lojaliteit en trou aan die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, betuig.**

De politieke gevangenes wat nog aangehou word, is hoog in hul skik met die oorwinning wat deur mnr. Van Zyl behaal is, berig ons korrespondent uit Pretoria. Nie alleen is hul moraal baie hoog nie, maar dit het die onderlinge band van kameraadskap versterk.

### BESOEK K.G.

Mnr. Van Zyl is verlede week (Dinsdag) losgelaat nadat die Minister van Justisie in 'n telegram opdrag gegee het dat die gevangene onvoorwaardelik vrygelaat moes word.

Volgens die oorspronklike reëling moes die loslating al op 28 April plaasgevind het, maar deur die optrede van die tronkowerheid is sy straf met meer as twee maande verleng en sou hy eers op 8 Julie in vryheid gestel word.

By sy loslating is hy deur mev. Van Zyl, sy agt-jarige dogtertjie en 'n mede oudgevangene, mnr. I. J. Ferreira, ingewag. Hy het die K.G. verlede Woensdag in Johannesburg ontmoet by watter geleentheid hy die boodskap uit die tronk aan dr. Van Rensburg oorgebring het en sy trou opnuut aan die K.G. betuig het.

### BEAMPTE SE HOUDING

Watter gees teen die gevangene in die tronk geopenbaar is, blyk uit die feit dat nadat die berig dat hy die volgende dag losgelaat sou word reeds in die pers verskyn het, 'n amptenaar van die gevangenis mev. Van Zyl toegesnou het dat haar man nie voor 8 Julie losgelaat sou word nie. „Die berig in die koerante is sommer koerantpraatjies," het hy gesê.

Mnr. Van Zyl het voorheen in die myne by Roodepoort gewerk maar sal nie daarheen terugkeer nie omdat sy gesondheid dit nie toelaat nie. By sy loslating was hy baie swak en moes ondersteun word.

# TWEE M.A.-EKSAMENS IN TRONK GESKRYF



Willem J. J. van Rensburg

Politieke gevangene Willem J. J. van Rensburg wat gedurende Mei 1943 onder die noodregulasies tot nege jaar tronkstraf veroordeel is, het voorverlede week die M.A.-graad in Sosiologie ontvang. Dit is aan hom toegeken by geleentheid van die gradeplegtigheid te Bloemfontein. Hy verkeer tans nog in die Sentrale Gevangenis, maar word die end van die maand losgelaat.

Toe hy in 1942 in hegtenis geneem is, was hy 'n staatsamptenaar en deeltydse student aan die U.K.O.V.S. Hy het sy derdejaarskursus vir die graad B.A. in die tronk voltooi en daarna sy M.A.-studie voortgesit. Hy het onder leiding van dr. J. de W. Keyter studeer. Intussen het sy belangstelling ook in 'n ander rigting ontwikkel en hy het reeds die skriftelike deel van die M.A.-graad in Ekonomie voltooi.

Tydens sy aanhouding in Bloemfontein het hy saam met ander op sensasionele wyse uit die tronk gebreek, maar is later weer in hegtenis geneem.

Hy is die seun van ds. en mev. I. W. J. van Rensburg, emeritus-leraar van die N.G. gemeente, Ventersburg.

Die prestasie van mnr. Willie van Rensburg, wat gevoeg kan word by die van ander politieke gevangenes wat in die tronk verder studeer het, is maar net 'n verdere onderskrywing van die feit dat dit van die beste kaliber Boereseuns was wat deur die Empire se tronke gegaan het in die afgelope oorlog.

# Atoombom aan Boord Sou Ontplof Het

**Daar hang nog steeds 'n waas van geheimsinnigheid oor die onlangse ontploffings by Texas City, Noord Amerika, waarby 'n groot deel van die stad in puin gelê, meer as duisend persone die lewe gelaat en sowat drieduisend beseer is.**

Die ramp is veroorsaak deur die ontploffing van die Franse skip Grandcamp wat volgens die owerhede 'n vrag ammoniumnitraat aan boord gehad het. Die skok van die ontploffing is baie myle ver gevoel en het van Texas City 'n stad van die dood gemaak.

In New York word die verklaring van die owerheid in twyfel getrek en word gemeen dat 'n atoombom wat op die skip was, die oorsaak van die ramp is.

Die ondervoors. van die Texas City-Spoorwegmaatskappye wat kort voor die ontploffing aan boord was, het verklaar dat die skip 'n vrag ammunisie aan boord het en dat sy bestemming geheim gehou word. Die owerheid daarenteen het gesê dat die skip nitrate vir bemestingsdoeleindes aan boord het.

Die vermoede dat 'n atoombom die ramp veroorsaak het, word ook versterk weens die feit dat 'n maatskappy, die Monsanto Chemical Co., wat betrokke is by die maak van atoombomme, ook deur die ontploffing in puin gelê is.

Die pers het noukeurig vermy om hierdie feit onder die aandag van die wêreld te bring. Persmanne wat Nagasaki in Japan besoek het nadat die atoombom sy verwoestingswerk voltooi het, het verklaar dat die tonele by Texas City sterk herinner aan die tonele by Nagasaki.

Die rookwolke wat by Texas City opgestyg het, het net so gelyk soos dié wat deur die atoombom in Japan veroorsaak is.

# Heet Ontwortelde Jode Welkom

## Duitsers Die Deur Gewys

**Die regering het hom bereid verklaar om etlike duisende ontwortelde persone uit Joego-Slawië in die Unie toe te laat. Hierdie inligting is deur die Internasionale Vlugtelinge-organisasie in Switserland bekend gemaak. Die organisasie onderneem om sowat £34,000 te bestee om hierdie mense na Suid-Afrika en Amerika te vervoer waar hulle hul gaan vestig.**

In dieselfde asem wat die regering hierdie ontwortelde jode in Europa wat daar vasgekeer sit omdat hulle nie in Palestina toegelaat word nie, in die Unie welkom heet, het hy aangekondig dat hy nie bereid is om tydelike asiel aan die 900 Duitsers wat op die punt staan om uit Tanganjika gedeporteer te word, te verleen nie.

Die regering wil voorgee asof hierdie berig onwaar is. Uit 'n vorige verklaring van genl. Smuts blyk egter dat hy wel ontwortelde uit Europese kampe sal toelaat as deel van sy immigrasie-plan.

## Nuus Uit Vryburg

Mooi reën het uitgesak in Vryburg dorp en distrik.

'n Noodlottige ongeluk het tussen Vryburg en Bloemhof plaasgevind toe 'n vragwa met voetbalspelers van Vryburg met die trein gebots het. Die bestuurder en drie seuns is onmiddellik gedood en verskeie ander verkeer nog in die hospitaal te Vryburg en Klerksdorp.

Nog 'n ongeluk het gebeur toe 'n motor, wat op weg was na die ongeluksterrein by 'n motorhek omgeslaan het. Ook die insittendes verkeer in die Hospitaal te Wolmaransstad.


WEES BESKERM!

MOTOR-Assuransie by—

SANTAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke dwarsdeur die Unie

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria

130 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7185) Newton

G. A. FICHARDT, Bpk.

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut

MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS

Foon 700 Opgerig 1848

BLOEMFONTEIN

MARKAGENTSKAP VROEË MÔRE-MARK KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

WERDA Meubelhandelaars

(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

Kennis van die WÊRELDSAKE

*Vereis Bestudering van STAATKUNDE.*

*Skaf die volgende Boeke vir u aan.*

DIE MODERNE STAAT
deur Prof. L. J. du Plessis — 2/6 posvry.

HEAR THE OTHER SIDE.
The Afrikaner and German Side — 2/9 posvry.

THE GREAT GLOBE ITSELF
By W. C. Bullitt — — 11/9 posvry.
„The only totalitarian imperialism that threatens war to-day is the Soviet Union."

THE DARK SIDE OF THE MOON — 16/6 posvry.
„Consists of a selection of personal narratives of Poles who have suffered during the Russian occupation."

THE SOVIET IMPACT ON THE WESTERN WORLD
By Prof. E. H. Carr — 7/3 posvry.

REPORT ON THE RUSSIANS
By W. L. White — — 13/6 posvry.

MY ANSWER, by Oswald Mosley.
REPORT FROM GERMANY,
By Leonard O. Mosley — — 5/3 posvry.

*SUID-AFRIKA*

'N TUISTE VIR DIE NAGESLAG
Deur Prof. dr. G. Cronje — — 13/- posvry.
'n Blywende oplossing van S.A. se rassevraagstukke.

AFRIKA SONDER DIE ASIAAT
Deur Prof. dr. G. Cronje — — 13/- posvry.

BEHIND THE PRESS IN SOUTH AFRICA
H. Lindsay Smith — — — 9/3 posvry.

THERE ARE NO SOUTH AFRICANS
By G. H. Calpin — — 13/6 posvry.

Pro Ecclesia-Boekhandel

POSBUS 29 STELLENBOSCH

„DIE .O.B.” WOENSDAG, 14 MEI 1947

# HERVORMING NOODSAAKLIK

In die afgelope weke het daar uit verskillende kampe stemme opgegaan teen die parlementêre stelsel, en demokratiese woordvoerders, hier sowel as in Engeland, het die vraag begin stel of die parlement nog 'n bruikbare instrument vir die demokrasie is. Elders in die blad plaas ons sommige van hierdie veroordelings. Sommige laat dit net by kritiek, andere praat van uitgediendheid, terwyl 'n derde die kiesers opkommandeer om 'n verbetering te probeer aanbring, aangesien, volgens sy mening, die enigste ander keuse 'n diktatuur is. **Hierdie stemme bewys maar net een ding, en dit is dat die besware wat die Ossewabrandwag sedert sy ontstaan teen die parlementêre stelsel ingebring het, nie op vooroordele of propaganda berus nie, maar 'n rake ontleding was van die siekte-verskynsel op politieke gebied. Dit bewys verder hoe ryp die demokratiese wêreld is vir hervorming in die rigting wat die Ossewabrandwag bepleit.**

Ons aarsel dan ook nie om te beweer nie dat indien die Ossewabrandwag hom vandag met alle mag sou toespits op 'n propagandaveldtog dwarsdeur die land hy binne 'n baie kort tydjie genoeg krag sal mobiliseer om die nodige staatshervorming teweeg te bring. **As die tyd ooit ryp was vir 'n organisasie soos die Ossewabrandwag is dit nou.**

Vir ses jaar was die Ossewabrandwag in 'n sware verdedigingstryd gewikkel, en moes hy aan twee fronte veg: teen die Empire, wat hom geldelik probeer laat doodbloei het deur honderde van sy lede op te sluit, aan wie se naasbestaandes ontsaglike bedrae uitbetaal moes word deur die Beweging — £100,000 in vyf jaar. Aan die ander kant moes hy homself verdedig teen die aanvalle van die Brutusse uit eie kring. Albei hierdie fronte is nou in die proses van likwidasie. Met heelwat minder kragsinspanning as die stryd om selfbehoud tydens die oorlogsjare, sal die Ossewabrandwag vandag soos 'n veldbrand kan versprei, gesien die algemene gebrek aan vertroue in die huidige leierskappe en stelsels.

**TWEE WEë**

Die Ossewabrandwag egter, hoewel hy 'n grondige omwenteling op politieke en maatskaplike gebied voorstaan, onderskei hom van die kommunisme daarin dat hy nie andersdenkendes wil vernietig en homself tot diktator verhef nie. Hy is die profeet van hervorming, en daarom volg hy die weg van oortuiging en samesnoering, en so lank hierdie weg oop bly, volg hy dit. **Waar ons volk op die oomblik aan 'n politieke party met buitelandse trou uitgelewer is wat veral die Afrikaner wil onderploe tot 'n magtelose minderheid, is dit die Ossewabrandwag se beleid om eers in samewerking met ander nasionale groepe ontslae te raak van die bewindvoerende party, en sodoende eers die onmiddellike gevaar af te wend. Daarvoor het ons net een jaar tyd. Daarom dring die Ossewabrandwag aan op 'n gesamentlike front van nasionaalgesindes en is hy bereid om sy gewig agter 'n partykombinasie in te werp, indien sy vriendskap erken word. Langs hierdie weg, glo ons, sal die hervormingsgedagte, wat tans net soos voor die oorlog begin deurslaan in kritiek op die parlementêre stelsel, nuwe en wyer beslag kry sonder onnodige stryd.**

Die feit dat Engelse mondstukke deelneem aan hierdie kritiek en die vraag begin stel of die parlement nog as 'n demokratiese werktuig beskou kan word, bewys dat hierdie hervorming nie net 'n Afrikaanse begeerte tot oorheersing is nie, soos die Engelse pers dit graag wil voorhou nie, maar 'n vertolking is van die algemene begeerte by die volk wat moeg en sat is vir die onwerklike gestoei van politieke partye in die wetgewende raad van die volk.

Die hervorming van die parlementêre stelsel tot 'n bruikbare instrument van volksverteenwoordiging en volksbestuur, is 'n noodsaaklikheid wat tot stand gebring sal moet word indien die vraagstukke waarop die kommunisme teer, opgelos moet word. **Wanneer die leier van die opposisie pleit dat die naturelle-vraagstuk buite die partypolitiek gehou moet word, en 'n verantwoordelike Minister 'n beroep op die volk doen om deur middel van 'n petisie te probeer verhoed dat die kleurvraagstuk in die parlement behandel word, is dit immers genoeg aanduiding van die noodsaaklikheid dat 'n verandering hoogs noodsaaklik is. As hierdie weg egter om die een of ander rede, blyk geslote te wees, sal dit sy plig en taak wees om op eie houtjie die nodige kragte te mobiliseer vir daardie hervorming, want sonder dit is die blankedom in Suid-Afrika in elk geval tot onmag en ondergang gedoem.**

## PROPAGANDA IN 30 TALE

Rusland is besig om daagliks in dertig tale van sy kommunistiese propaganda kwyt te raak. Die uitsendings sluit nie alleen nuus in nie, maar ook ander aangeleenthede. Uitsendings word ook in Engels gehou.

Voor 1950 sal Rusland nog van 22 sterk senders voorsien word.

## Neurenberg Duur Voort

Veldm. Albert Kesselring, voormalige opperbevelhebber van die Duitse weermag in Italië, is deur 'n Britse hof tot die dood veroordeel. Hy sal doodgeskiet word.

Die aanklag teen hom was dat hy verantwoordelik sou wees vir die doodskiet van gyselaars.

# V.S.A.-Tegniek Was Tien Jaar Agter By Duitsland

## Beskrywing van Groot Mensejag

**'n Erkenning dat die Duitse V2-wetenskaplikes die Amerikaanse navorsers tien jaar voor was in die ontwikkeling van die vuurpylwapens, is so pas deur Amerikaanse wetenskaplikes gedoen. Die oorgrote meerderheid van die Duitse vuurpylwetenskaplikes is tans in diens van die Amerikaanse oorlogsdepartement. Hulle is in Duitsland deur 'n spesiaal opgeleide afdeling geskaak voordat ander moondhede hulle in die hande kon kry.**

Die antwoord op die vraag van die wêreld waar die Duitse wetenskaplikes hulle tans bevind, is deur die Amerikaanse oorlogsdepartement beantwoord. 'n Paar het in die hande van die Russe geval, maar die res is verplig om na Amerika te verhuis. Dit sluit ontwerpers van Duitse vliegtuie sowel as die uitvinders van die V2 in.

Lank voor die inval in Duitsland het die Amerikaanse leër 'n opgawe gemaak van die mees bekende en voortreflikste Duitse tegnici en vasgestel waar hulle werk en bly. Met elke afdeling Amerikaanse troepe was daar 'n afdeling van hierdie opgeleide skakers en keer op keer het hulle seker gemaak dat hulle al die Duitse wetenskaplikes wat hulle kon vind, vir Amerika inpalm. Hierdie wetenskaplikes werk vandag te Fort Bliss, Texas, en Dayton, Ohio.

GROOTSTE TRIOMF

**Die grootste tegniese triomf van die Duitse brein was die V2, verklaar Time in sy wetenskaplike rubriek. Dit mag alle wapens in die toekoms oorskadu.** Die geheim van die V2 (die tegniese kode was E.W., wat staan vir Elektroniese Werke) is baie deeglik bewaar. Nadat 'n aantal van die vuurpyle vervaardig is, is hulle in die geheim by Peenemünde, aan die Baltiese See, getoets. Dit is in groot ondergrondse fabrieke te Nordhausen, oos van Kassel, vervaardig.

Toe die Russe besig was om op Stettin, vyftig myl van die vuurpylfabriek, te bestorm, het die Duitse opperbevel 'n vrye keuse aan dr. Werner von Braun, direkteur van die vuurpylnavorsing, gegee om te vlug of om op sy pos te bly. Nadat hy samesprekings met sy personeel gehad het, het hulle besluit om in die rigting van die Westerse aanvallers te vlug. Hulle is deur die Amerikaners onderskep en na die Amerikaanse gebied vervoer. Later is hulle na Amerika gestuur. Intussen het 'n ander afdeling Amerikaners die fabriek te Nordhausen gefynkam en alles wat hulle kon gebruik, sowel as die V2-bomme weggeneem. Hulle het alles gekry wat hulle wou hê, verklaar Time.

TIEN JAAR

Te Fort Bliss woon tans 120 van hierdie Duitse wetenskaplikes. Dit is die voltallige staf wat vroeër in Duitsland werksaam was. Saam met hulle is al die gegewens oor die geheim van die V2 na Amerika gebring.

Hul eerste taak in Amerika was om die Amerikaanse wetenskaplikes alles te vertel wat hulle van die vuurpyl af weet. **Dit het baie voorligting en onderrig gekos om dit aan die verstand van die Amerikaanse wetenskaplikes te bring. Die Amerikaners het ontsaglik veel geleer, skryf Time. Volgens 'n berekening het hulle Amerika benewens tien jaar van navorsing miljoene dollar bespaar.**

Met die onlangse afskiet van die Duitse vuurpyle te White Sands in Amerika was dit Duitse wetenskaplikes wat die voorligting gegee het.

JUNKER-MANNE

Ook die wetenskaplikes wat verbonde was aan die groot Junker-fabriek te Dessau, is tans in Amerikaanse hande. Aan die hoof hiervan was dr. A. Franz. Net voordat die Russe die stad binne geval het, het die Amerikaners in der haas die Duitse wetenskaplikes en hulle modelle sowel as nuwe masjinerie, verwyder. Dr. Franz en 87 ander wetenskaplikes van die Junker-fabriek werk tans naby Wright Field te Dayton, die breinsentrum van die Amerikaanse lugmag. **Onder hierdie manne is die ontwerper van die Messerschmitt 163 spuitvliegtuig. Verder is daar valskerm-ontwerpers, instrumentdeskundiges en vooraanstaande wetenskaplikes op feitlik elke navorsings-afdeling wat die lugvaart bied.**

GERINGE LOON

Die Amerikaners betaal die Duitse wetenskaplikes 'n geringe loon van twee tot elf dollar (8s. tot £2) per dag. Daar word reeds maatreëls getref om die families van hierdie manne na Amerika te bring. Die verwagting word uitgespreek dat hulle later Amerikaanse burgers sal word. Die oorbring van hulle families moet die poging om hulle as Amerikaners te laat inburger, versterk.

## Maak Planne Vir Volgende Oorlog

Wanneer lugmaghoofde van die verskillende dominiums in Augustus in Londen vergader sal hulle die hele oorlog vanaf 1943 bespreek en alle veldslae nagaan om die lesse daaruit te leer en dit op die volgende oorlog toe te pas. Die konferensie is belê deur die Britse lugmag. Kaarte, verslae en modelle van allerlei aard sal as voorligting dien.

**Militêre waarnemers in Londen het onlangs die strategiese verdedigingsafspringplek van Suid-Afrika in tyd van oorlog beklemtoon. Dit het geskied na aanleiding van die rekordvlug tussen Londen en Kaapstad. Verdere vlugte waarin gepoog word om die afstand nog vinniger af te lê, sal moontlik uitgevoer word.**

Maj. Poole, adjunk-hoof van die Unie se generale staf, is reeds in Londen waar hy militêre samesprekings bywoon.

## Kommuniste In Pad Gesteek

Die Franse regering het besluit om al die Kommunistiese Ministers in die kabinet uit te sit. Dit het geskied na aanleiding van die optrede van die Kommuniste wat teen die Franse ekonomiese beleid gestem het.

Die vertroue-mosie wat deur die Franse eerste minister ingedien is, is met 360 teen 186 stemme aangeneem. Hierop het die Kommuniste hulle van die kabinet onttrek.

In die plek van die kommuniste wat uit die kabinet gesit is, is drie Sosialiste en twee Progressiewe Katolieke benoem.

**DIE PERSBELEGGINGSKORPORASIE BEPERK.**

**(PERSKOR)**

Aan alle Belangstellendes en Vriende in

NATAL EN GRIEKWALAND-OOS

LET OP!! LET OP!!

**NOG NET 6.000 AANDELE**

van 5/- elk is beskikbaar vir belangstellendes in Natal en Griekwaland-Oos.

***Inskrywings word***

**Onherroeplik Gestaak op 30 Junie 1947**

Jongste ontwikkelinge maak hierdie aandele

BESONDER WAARDEVOL

Tree dadelik in verbinding met:

**L. STEIN,**

**P.a. E. B. CADLE, „Twyfelfontein,**

**P.K. MOOIRIVIER, NATAL.**

# Vermaaklikheid Die Motief

## BESOEK AAN PARLEMENT

(DEUR TOESKOUER)

'n Kapenaar sonder sakgeld kan menige uur van die grootste vermaak deurbring op die galery van onse agbare parlement. Soos 'n dominee-vriend eendag opgemerk het toe hy op pad was soon-toe: **„Hier stap ons nou na die hoogste wetgewende gesag van die land en ons hele motief is — vermaak!"**

Nou-die-dag was hier 'n paar vriende uit die Vrystaat en hulle is toe deur een van ons kommandante en sy vrou na die volksraad geneem. Dit is die maklikste manier om van niksvermoedende mense uit die binneland vurige aanhangers van die Ossewabrandwag te maak.

ANTIEKE OPTOG

**Die parlement het begin met 'n taamlik potsierlike middeleeuse optog. Mense met die eienaardigste klere en pruike het daaraan deelgeneem. 'n Groot septer is op twee mikke op 'n tafel gehang en die Speaker het gebid.** Die mense op die galery het egter oopoë bly sit — 'n mens maak mos nie oë toe as die spelers bid in 'n bioskoop nie!

In elk geval die eerste tyd het die Speaker gevra, mense het geantwoord, maar **niemand in die volksraad het hul daaraan gesteur nie. Hulle was almal blykbaar besig om hul pos oop te maak en briewe te lees.** Daarna het sommige opgestaan en by die ander ouens die nuus van die dag oor en weer gaan vertel.

BEDAAR

Later het daar darem 'n mate van rustigheid hieronder ingetree en het dit begin lyk asof die agbare lede begin aandag gee aan die verrigtinge. Ons Vrystaatse vriende was teen hierdie tyd al min of meer bekeer en het al lus begin kry om een of ander soort van opruiming teweeg te bring. Hulle wou weet of dit maar altyd so gaan.

In elk geval toe die ergste rumoer bedaar het en daar nie meer briewe was om te lees nie, was die Speaker al weer voort, die septer van die tafel af en 'n voorsitter so aan die een kant van die tafel, waaronder die septer lê.

UITKOGGEL

**'n Pos onder die departement van finansies was onder bespreking, maar die lede het baie meer belang gestel in die droogte en het verkies om hieroor te praat. Die een agbare lid na die ander het gepraat, en die een na die ander is deur die mense aan die oorkant van die saal uitgekoggel. Skoolkinders sou jaloers geword het om dit te sien — waarom mag die grootmense dan al die pret hê?**

'n Lid van die regering het in sy toespraak beduie hoe die opposisie die boere wil ruïneer. Hulle wil hê die regering moet vir die boere geld gee om vee te koop sodat daardie vee ook maar kan doodgaan van droogte!

En op hierdie argument het 'n spreker later so waarlikwaar geantwoord: „Moenie dink die boere is so dom nie!" het hy op dieselfde intelligensie-vlak betoog.

Een lid beweer dat wat die regering doen 'n druppel in die emmer is. 'n Bejaarde regeringslid sê toe: „Ons wil emmers dieselfde hê." Hierop bars die hele opposisie soos 'n koor los met „emmers, emmers. o! emmers, emmers . . ." vir 'n hele ruk lank. Die Vrystaatse tannie langs die kommandant op die galery het half paniekerig begin word.

VINGERTJIE

Dit was vir een regeringslid darem te veel en hy word so verontwaardig dat hy met sy vingers begin beduie. Sy teenstanders vind dit toe heel prettig. **„Kyk die vingertjie; pas op die vingertjie val af; vat nou weer die ander vingertjie; wag daar val 'n papier af....nee, vorentoe, nou weer die eerste vingertjie....ens., ens." Tot groot pret van sy teenstanders** en die vermaaksoekers op die galery word die lid toe kwaad en vertel hoe hy onder genl. Smuts in Suidwes-Afrika in 1914 geveg het.

**(Dit alles onder 'n begrotingspos van die departement van finansies).**

Skielik begin die opposisie soos 'n koor roep: „Orde, orde, orde, orde, orde . . . ." Die voorsitter wat tot dusver alle tekens van tevredenheid met die orde getoon het, roep toe ook skielik: „Orde, orde!" Kan die agbare lid vir my sê wat dit met hierdie pos te doen het?" „Dit het niks met die pos te

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

doen nie" roep die agbare lid uit en gaan sit.

**Die toeskouers op die galery lag toe baie hard, maar gelukkig was die chaos onder so groot dat die beamptes daarvan niks gemerk het nie!**

„POLITIEK!"

Een van die L.V.'s het toe naderhand die ander kant begin beskuldig dat hulle politiek in die parlement praat. Dit was vir die Vrystaatse besoekers eens te veel. **Hulle dag 'n mens mag net op die skole nie politiek praat nie!**

Toe een van die volksraadslede die besoekers later op tee trakteer, gee die Vrystaatse oom hom die versekering dat hy nie kans sien om sy tyd so te gebruik nie, al betaal hulle hom £1,000 'n jaar. Na 'n rukkie was al die bekende ou figure wat flussies so baljaar het in die volksraadsaal, besig om tee te drink. Dit was moeilik om uit te reken hoeveel in die saal oorgebly het — dit kon hoogstens 'n stuk of tien gewees het.

Met die vertrek het die L.V. die besoekers genooi om weer te kom. **Die tannie het egter verseker dat sy veel liewer seelug inasem!**

# Oud-Genl. Versluis Oorlede

Nadat hy meer as 'n jaar lank aan maagkanker gely het, is mnr. J. Versluis, voorheen generaal van die Ossewabrandwag in Kimberley, verlede week in die hospitaal te Kimberley oorlede.

Oud-genl. Versluis was 'n vurige ondersteuner van die Ossewabrandwag en het groot dienste aan die Beweging bewys. In 1942, toe die regering op groot skaal toegeslaan het op die O.B., was hy geruime tyd in die tronk in Pretoria, saam met een van sy seuns, onder verdenking dat hy aan „ondermynende bedrywighede" deelgeneem het. Toe sy gesondheid later ingegee het, het hy sy ontslag aangevra as generaal.

As gebore Hollander het mnr. Versluis tydens die Tweede Vryheidsoorlog met geheime boodskappe vir die Boeremagte na Suid-Afrika gekom. Hy het later by die Boere aangesluit en hom so vereenselwig met die Afrikanervolk dat baie min mense bewus was van die feit dat hy 'n gebore Nederlander was.

Hy word oorleef deur sy eggenote en sewe kinders.

# *Minder Stemkrag Vir Kleurlinge*

Die stemkrag van die kleurlingkiesers is bykans met die helfte minder as gevolg van die Kieswet van 1945, wat vereis het dat almal opnuut moes registreer, aldus 'n verklaring wat deur die Nasionale Vereniging van Kleurlinge uitgereik is.

Met die algemene verkiesing in 1943 was daar 80,000 kleurling kiesers op die lys, terwyl daar nou net meer as 40,000 is. Pogings sal egter in werking gestel word om die ander betyds geregistreer te kry voor die verkiesing.

**OPENBARE VERGADERING**

sal gehou word in die

**HOFMEYRSAAL, KAAPSTAD**

**op DONDERDAG, 22 MEI, 1947, om 8 n.m.**

***Sprekers*: Adjunk-K.G. J. A. SMITH en DR. HANS VAN RENSBURG.**

(By hierdie geleentheid sal die offisiere en brandwagte van die Westelike Provinsie afskeid neem van die A.K.G. met die oog op sy verhuising na George).

***Alle Offisiere en Brandwagte word dringend versoek om teenwoordig te wees.***



Daar is 'n groot vraag na Ronde Kommando in die stad rond
Hulle is koel, rook lekker met 'n eie geur wat hulle elke dag meer vriende besorg.
Kommando RONDE - SIGARETTE
BH 2885

Lyk Hierdie Jaar Op U Beste
Ons bied die Allerjongste oggend- en middagrokke aan.
Lo- en Fremode Kostuums - - -
**VAN ZYLS**
**Hoofstraat - - - Paarl**

**Volkskas - Aandele**

**KENNISGEWING**

**Vir algemene inligting word hiermee bekend gemaak dat daar nog 'n beperkte aantal (gewone) VOLKSKAS-aandele vir inskrywing beskikbaar is.**

**Vollediger besonderhede is vervat in die betrokke prospektus waarvan eksemplare verkrygbaar is van alle takke of van die Hoofkantoor van die Bank, Posbus 578, Pretoria.**

**VOLKSKAS BEPERK**

ARBEIDSSAAMHEID

Bankiers **PRETORIA.** Hoofkantoor:

• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

**UNIEWINKELS**
Beperk
**KERKSTRAAT 275 — PRETORIA**
**TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.**

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkel plasings (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasings (vooruitbetaalbaar) 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasings: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasings tot kansellasie, 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## VERLOWING

STEINBERG—GIEZING. — Hiermee maak ons, Cecil enigste kind van mnr. en mev. J. C. Giezing, Dist. Carolina, en Paul, jongste seun van mev. S. S. Pretorius, Dist. Hendrina, ons verlowing bekend aan vriende(inne) en kamerade. 14/5/1B

## HUWELIK

MARX—VAN RENSBURG. — Hiermee maak ons, Essie, dogter van mnr. en mev. H. G. van Rensburg, Diasfontein, Albertinia, en Ernest, seun van mev. en wyle mnr. P. D. Marx, Hoogstraat, Mosselbaai, bekend dat ons trou 31 Mei te Riversdal. Geen kaartjies en geen resepsie. Telegramme: Diasfontein, Albertinia. 14/5/1B

## IN MEMORIAM

COETZEE. — Vaaldam-Tragedie — Adjudant Dirk Coetzee. Drie bitter jare van verlange na ons Dirkie is verby. Deel God sy glimlag hom maar mede; Altyd was hy met sy lot tevrede. — Treurende Ouers, Broers en Susters. 14/5/1B

## AGENTSKAPPE

**VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAPPY BEPERK,** Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwame dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbande ens. Doen aansoek by POSBUS 48, Foon 9-7222. 27/11/Tk

## VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENTSKAP, Henneman (Eienaars Alberts en Greeff). Foon 43, Telegramme ,Weta.' 16/4/TK

## AANBOD!

Ek het alle rou-materiaal van beste gehalte in Suid-Afrika vir sement. Is bereid om te help sementfabriek op te rig. Ons begin klein en brei uit. Wie stel belang? — DR. NORTJE, VREDENDAL. 7/5/2

## BETREKKING GEVRA

**KARAKTERVOLLE JONG MAN** met familie bied sy dienste aan as sekretaris/assistent - bestuurder. Het kennis van klerikale werk (rekords, boekhou, ens.) instandhou en herstel van enjins en masjinerie (swaarvoertuig-lisensie), landmeterswerk t.o.v. erosie, 1ste klas sertifikaat Grootfonteinse Landboukollege (skild vir onderwerp „wol"). Verklaar hom gewillig om te leer. Navrae: No. 20, Die O.B., Posbus 28, STELLENBOSCH. 7/5/2B

## BENODIG

**Gekwalifiseerde Motorwerktuigkundige** vir vooruitstrewende plattelandse garage. Salaris £8 per week, insluitende lewenskoste-toelae. Doen aansoek met afskrifte van onlangse getuigskrifte by POSBUS 35, BONNIEVALE. 14/5/5B

**ONMIDDELLIK BENODIG** vir moderne ingerigte en grootste garage in distrik: 1. **PANEELKLOPPER EN SPUITVERWER.** Persoon wat albei kan doen sal voorkeur kry. 2. **WERKTUIGKUNDIGE.** Persoon wat deeglike kennis van elektriese stelsels van karre, asook die hantering van moderne toetstoestelle van karre het, sal voorkeur kry. Slegs persone wat deeglike kwalifikasies het, hoef aansoek te doen. — AFRIKAANSE MOTORDIENS, Bus 66, BRITS, TVL. 7/5/4

## BOME, PLANTE EN SAAD

**AARTAPPELS.** — Goeie gesonde, Tafelaartappels, teen 3/6 per sakkie van 40 lbs. Ook saadaartappels, derdejaar Vaalharts, eier- en okkerneutgrootte gemeng, teen 6/6d. per sakkie van 40 lb. Pryse is V.O.S. Bethal, en sluit die sakkies in. — J. SPIES, Posbus 100, Bethal, Tvl. 16/4/TK

**BESTE GESERTIFISEERDE SAAD:** Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarslaai 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6. Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-. Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van PREMIERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn. 11/12/Tk

**GEEL STATICE - PLANTJIES,** teen 2d. per plantjie plus posgeld. Eerste bestellings kan in Mei uitgevoer word. Latere in Junie, van MEV. J. FROEHLICH, Prospect, PEARSTON.

**HERHOLDT** se geakklimatiseerde Vrugtebome en Rose groei, dra en stel tevrede vanaf Kaapland tot Zambesi, maar.... die aanvraag is groot en onmiddellike bespreking is noodsaaklik vir Julie-Augustus-planttyd. Pryslyste gratis. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, Johannesburg. 19/3/TK

**VRUGTEBOME.** — Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puik voorrade verseker tevredenheid, maar ....die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 660, JOHANNESBURG. AA/26/3/TK

**Saai nou vir 'n kleurvolle vertoning:** Gousblom, Candytuft, Clarkia, Mignonette, 10 Weke Villette, Leeubekkies, Ridderspoor, Wallflower, 6d. per pakkie. **Reuse Tetra Gekartelde Leeubekkies:** 2/-. **Papawers:** Ysland, 6d., Cartref Pragmengsel, 1/-; Sandford Reuse, 1/6. **Gesiggies:** Butterfly Hibride, 50 saadjies 5/-; Jumbo Mastadon Reuse en Super Swiss, 2/6. **Delphiniums:** Belladonna 6d. Blackmore en Langdon 2/6; Pacific Giants 2/6; Burpees Mammoth 1/-. Groentesaad van Super Gehalte, 6d. per pakkie. Kontant met bestelling. — HERHOLDT SE SAADAFDELING, Posbus 660, JOHANNESBURG. 30/4/3

**TAFELAARTAPPELS.** — Pragtige, gesonde en vars Graad I teen 16/- per 150 lb., 4/- per 38 lb. V.O.S. Bethlehem in nuwe sakke. Leë sakke terug. Ek waarborg tevredenheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM. 14/5/TK

**UIESAAD.** — Eersteklas gesertifiseerde Uiesaad, Vroeë Kaapse Plat Geel 8/- per pond; Australiese Bruin 6/6 per pond. Posvry. K.M.B. — GERT VAN ROOYEN, Louterwater, Uniondale. 12/3/TK

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

## GEMENG

### ? ? ? ? O.B.-OUERS ? ? ? ?

Sal ouers wat seuns en dogters in die koshuise van Jan van Riebeeck-Hoërskool (Kaapstad) het, asseblief in verbinding tree met MNR. J. H. V. DU TOIT, Molenvliet, Stellenbosch? Dit is in verband met die Boerejeug.

**ELEKTRESO (Edms.) Bpk.** elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs, Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodighede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai- pas-, swels- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

**LOOIERY.** — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tuie, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/TK

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## GENEESMIDDELS

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.

## HAARKAPPERS

Vir 'n eersteklas haarkap besoek ELS'S HAARKAPPER SALON, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetgereedskap, juweliersware ens. 27/11/26B

## HORLOSIEMAKERS

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

**VIR HORLOSIEREPARASIES** spreek STEYN, posbus 3531, Kaapstad. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

## HOTELLE

**MAJESTIC HOTEL,** Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## KLEREMAKERS

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## TE KOOP AANGEBIED

**BRANDHOUT.** — Swartwattel, gesaag in blokkies 1 vt.-lengte, gelewer in trok Outeniikwa-Halte. — H. H. MEYER, Kleinfontein, Pk. Sinksabrug, George. 19/3/TK

**JUKSKEIE.** — Kopskeie 4/6, bottelskeie 3/9, agtkantige skeie 5/- per paar. — KOOS BOTHA, P/s Serpentine, Dist. GEORGE. 30/4/4

**REWOLWER.**— .45 Webley en Scott, 6 dm.-loop. Totale lengte 11 duim. Baie akkuraat tot op 75 tree. Laai 6 skote. Dubbele aksie. Prys tesame met 30 patrone £16-10-0. Doen aansoek by: C. J. K. ROOS, Bokpoort, CLARENS. 7/5/2B

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Die Kleine Wonder" vervaardig tot 4,000 sementstene, 3 dm. x 4½ dm x 9 dm. per dag. Prys £20. Doen aansoek by u naaste handelaar of skryf direk aan: J. H. BUHR, Bus 18, HOPEFIELD. Handelsnavrae word verwelkom. Ook ander steenmasjiene in voorraad. 30/4/5

**U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER. Vaalbank, Pk. Florisbad.** 32B

**VYF LB. GESUIKERDE VRUGTE** gelewer aan vriende in Duitsland, Holland, België, Frankryk en Oostenryk vir 15/-. Terme is kontant met bestelling. — BRINK BROERS BEPERK, MONTAGU. 16/4/5

## SOUT TE KOOP

**SOUT.** — Mevrou, u sukkel met growwe tafelsout! Bestel 'n sak fynsout 8/6 per 200 lb.-sak. Meneer, vir u vee is No. 2 die beste teen 49/- per ton. — S. J. VENTER, Oranje-soutwerke, P.K. Florisbad, BLOEMFONTEIN. 14/5/TK

**SOUT.** — Mooi beloftes help nie, dit troos net! Bestel waar u seker is van u geld vir A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/-, No. 3 44/- per ton. Bottersout 8/6 per 200 lb.-sak.— W. H. VENTER, Soutwerke, P.K. FLORISBAD. 14/5/TK

**SOUT.**— Ek vra u vriendelike ondersteuning as jong beginner en Boerejeuglid. A1 48/-; No. 1 43/-; No. 2 38/- per ton. Alle sakke terug so gou as moontlik. — S. J. DE BEER, Soutwerke, FLORISBAD. 2/4/TK8

**SOUT.** — Vriende, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A1 £2-19-0; No. 1 £2-14-0; No. 2 veesout £2-9-0. Alles per ton, vry gelaai soutwerke. As dit moontlik is stuur leë sakke saam. 1/- afslag op elke leë sak. K.M.B. — Mev. F. DE Beer, P.K. Florisbad, Oor Bloemfontein. 30/4/8B

**SOUT.** — Vermindering in pryse weens tekort aan sakke. A1 4/6; No. 1 4/-; No. 2 3/6. Stuur u leë sakke, spoorvrag betaald. Tevredenheid gewaarborg. Ondersteun u mede O.B.-lede. — Mev. S. J. SLABBERT, P.K. FLORISBAD. 30/4/5B

**SOUT.** — A1 5/11, No. 1 5/5; No. 2 4/-; per 200 lb.-sak. 100 lb. Fyn bottersout 5/-. Vrygelaai soutwerke. Bestel: Kommandante Mev. MARTIE VENTER, P/sak No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 7/5/TK

## TE KOOP AANGEBIED

### GROBLERS-BRANDWAG-STOETERY

Nou beskikbaar — Stamboek- en Graad-Afrikanerbulletjies. Hoë kwaliteit. Geteel op galsiek-hartwaterveld. Doen aansoek by: M. S. F. GROBLER, Bus 57, ZEERUST. 14/5/1B

**PANORAMA SKOTSE KOLLIEHONDJIES.** — Geregistreerd met uitstekende stamregister. Die hond wat enigiets leer. Ouers groot, intelligent, met lang hare. Gebore 27 Maart. Gereed vir aflewering. — S. W. VORSTER, Spes Bona, MOTKOP, K.P. 14/5/2B

**HONDJIES.**— Pragtige boerboelreuntjies £4, tefies £2. Wakker en wonderlik intelligente ouers. — B. N. ADCOCK, Posbus 1134, PRETORIA. 14/5/3B

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW. verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

# Indiër-Aankope In Kaapstad Styg

**Die aankoop van vaste eiendom deur Indiërs in die Kaapse Skiereiland het die afgelope vier maande van hierdie jaar opnuut nuwe hoogtes bereik toe Indiërs 162 eiendomme ter waarde van £180,000 aangekoop het.**

**Op dieselfde dag wat hierdie feite aan die lig gebring is, het genl. Smuts in die Volksraad ontken dat daar 'n grootskaalse Indiër-indringing in Kaapland is en dat hy nie van voorneme is om wetgewing in te dien om dit te verhoed nie**

**Die aankope vir hierdie vier maande is meer as die totale aankope wat die Indiërs gedurende die eerste ses maande van verlede jaar aangegaan het. Terwyl daar in die genoemde periode verlede jaar 136 eiendomme aangekoop is, is daar sedert Januarie van hierdie jaar 162 persele op die name van Indiërs geregistreer.**

Die aankope het sy hoogtepunt gedurende Maart bereik toe 43 eiendomme ter waarde van £47,000 aangekoop is. Dit is die grootste aantal eiendomme wat die afgelope 15 maande deur Indiërs aangekoop is. By die berekening van hierdie syfers is alle name wat moontlik nie Indiërs is nie, nie bygereken nie. Die aankope mag nog aansienlik meer wees.

Die meeste transaksies wat plaasgevind het bedra tussen £1,000 en £1,700. Daar is ook eiendomme wat vir meer as £4,000 aangekoop is. Baie van die eiendomme is in Kensington, Wynberg, Woodstock en Soutrivier.

**Ondersoek wat onlangs ingestel is het aan die lig gebring dat dit nie net Kaapse Indiërs is wat grond in die Skiereiland aankoop nie, maar dat ook Indiërs van Natal hul kapitaal in die Skiereiland belê omdat hulle deur die Vaspenwet in Natal verbied word om daar vryelik grond aan te koop.**

Die vraagstuk wat die regering in Natal wou oplos, het hy soos dit nou blyk, slegs na Kaapland verskuif waar die Indiërs nou terdeë van die geleentheid gebruik maak om grond in Kaapland aan te koop waar geen sodanige verbod bestaan nie. **Dit is selfs vir Transvaalse en Natalse Indiërs wat verbode immigrante in Kaapland is, moontlik om grond in Kaapland aan te koop en dit op hulle naam te laat registreer.**

In die aangesig van hierdie dreigende toestand waar Indiërs in die geledere van die blankes insypel en 'n soortgelyke toestand soos in Durban, besig is om in Kaapstad te ontwikkel, weier die Smuts-regering om 'n hand te verroer om hierdie indringing teen te gaan.

Amptelik bestaan daar feitlik geen kontrole oor die grond-aankope deur Indiërs nie. Verlede jaar het veldm. Smuts 'n waarskuwing aan die Indiërs gerig om nie dieselfde beleid van indringing te volg as wat hulle in Natal gevolg het nie. Hy het ook die Kantoor van Aktes versoek om statistieke te hou van die aankope van Indiërs. Op sy versoek word dit wel gedoen, maar die Registrateur van Aktes het erken dat hierdie opgawe nie veel waarde het nie omdat dit dikwels moeilik is om te onderskei tussen die name van Indiërs en die van Maleiers.

# INTEKENING OP „DIE O.B."

***Dit kom dikwels onder ons aandag dat persone wat „Die O.B." van vriende ontvang en graag gereelde intekenare op die blad wil word, nie weet waar om in te teken nie.***

***Vir die gerief van sulke persone plaas ons die nodige intekenvorm hieronder. Voltooi net die vorm en pos dit saam met die intekengeld van 10/- per jaar (of 5/- vir ses maande) aan: Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 28, Stellenbosch.***

## INTEKENVORM

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK.
POSBUS 28 — STELLENBOSCH.

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „DIE O.B." tot ek u kennis gee om die intekening te staak. Ek sluit die bedrag van £ : : vir die eerste twaalf/ses* maande hierby in.

NAAM ..................................................................
(Blokletters)

POSADRES ..................................................................
..................................................................

Datum .................................. ..................................
Handtekening.

*) Skrap wat nie van toepassing is nie.

# Testament van 'n Politikus

## BURGERY IN BANDE

Armand Jean du Plessis de Richelieu, wat in verband gebring word met die du Plessis-familie in Suid-Afrika, was die Jan Smuts van Frankryk in meer as een opsig. Skerpsinnig en onnaspeurlik van gees, koelbloedig en meedoënloos in sy optrede, in politieke intrige ongeëwenaard, was hy 'n skitterende hoewel skietende ster in sy dae.

Hy het tot 'n val gekom en sy val was groot, maar nietemin was hy lank die werklike heerser van Frankryk in die eerste helfte van die 17de eeu.

„Al my kragte en al my magte het ek ingespan om die Hugenoteparty in puin te lê," het hy gesê in 'n merkwaardige geskrif wat bekend staan as sy politieke testament.

Soos dit met politici en staatsmanne maar gaan, het hy aanvanklik die politiek as instrument tot verwesenliking van sy ambisie gebruik, maar onvermydelik self die handlanger en instrument geword van sy eie politieke partymasjien wat sy hele denke oorheers.

Veral in dié deel van sy politieke testament wat handel oor die maatskappy en die onderwys spreek hy sy trotse minagting vir die burgery in 'n mengsel van brutale uitgesprokenheid en skerpsinnige insig uit.

### NIE TE MAKLIK

„Alle staatsmanne," sê hy, stem saam dat as die burgery dit te gemaklik het, dit onmoontlik sou wees om hulle binne die perke van die onderdanigheid te hou.

Sonder belasting, die bewys van hulle onderdanigheid, sal hulle netnou hul noodsaaklike onderhorigheid vergeet en sodra hulle van skatstortings vrygestel word, begin hulle dink dat hulle ook van gehoorsaamheid onthef is.

Esels wat aan hulle dragte gewoond is, het meer te ly van 'n langdurige rus as van aanhoudende werk.

Geleerdheid is een van die skoonste ornamente van die staat en om dit aan te kweek is noodsaaklik vir die gemenebes; maar dit mag nie sommer aan enigeen aangebied word nie.

### ONKUNDE NOODSAAKLIK

Die volk wat elke onderdaan opvoed, sal soos 'n monster wees, met 'n oog op elke deel van sy liggaam. Trots en vermetelheid sou algemeen wees en gehoorsaamheid so-te-sê verdwyn.

'n Onbelemmerde gesmous in kennis, sal die handel in koopware verdryf waaraan die staat sy inkomste te danke het. Dit sal suinige oorleg, daardie moeder en voeder van volke, in duie laat stort, en sal soldaterekrutering vernietig, want dié word eerder deur landelike onkunde as stedelike kennis en kultuur gevoed.

Dit sou Frankryk met halfbakke geleerde vente vul, met net genoeg verstand vir jakkalsdraaie wat families ruïneer en die openbare veiligheid bedreig, maar tot geen nut vir die staat kan wees nie. Daar sou dan meer mense wees wat bekwaam is om probleme te skep as mense wat tot die oplossing van daardie probleme opgewasse is, en meer vermoëns wat geskik sou wees om die waarheid te beveg as om die waarheid te verdedig.

### „EUWELS"

As ek dink aan die groot getalle wat die onderwys tot beroep kies en die skare kinders wat onderrig ontvang, sien ek 'n ontelbare menigte van sieklike swakkelinge wat geen lus het om iets anders as skoon water te drink nie, maar tog deur 'n buitensporige dors gedwing word om alles te drink wat hulle aangebied is, hoewel dit meestal onrein en dikwels vergiftig is.

Twee vername euwels ontstaan uit die groot aantal skole wat in elke distrik gestig word. Daar is eerstens nie genoeg waardige onderwysers om hulle te bedien nie en tweedens word baie kinders met skraal vermoëns deur hul ouers gedwing om te leer.

Die middel wat ek voorstel is: laat die skole in al die plekke wat nie stedelike rang het nie, tot twee of drie klasse beperk word, net genoeg om die jeug uit die grofste onkunde te lig, want volslae onkunde is skadelik selfs vir diegene wat vir militêre diens of vir die handel bestemd is.

Twee of drie jaar sal hulle neigings en hulle kapasiteit in enige besondere rigting in die lewe, bloot lê. Die belowendste kinders wat na die stedelike inrigtings gestuur sal word, sal dan baie meer sukses hê omdat hulle vir daardie onderwys geestelik geskik sal wees en in die hande van die beste onderwysers geplaas sal word.

Verder moet daar gesorg word dat die kolleges nie onder dieselfde bewind kom nie. Die universiteite aan die eenkant, en die Jesuïte aan die ander kant streef na 'n monopolie. Laat hulle wedywer deug en doeltreffendheid aanwakker, maar laat geen party 'n monopolie verkry nie."

**Met ander woorde, belas die mense om hulle te tug, hou hulle oningelig anders weet hulle te veel.**

En tog was Richelieu sy tyd met drie eeue vooruit deur in te sien dat alle kinders nie te veel formele onderwys moet ontvang nie, maar wel uitgesoek moet word om in die vir hulle mees geskikte rigting opgelei te word. Ons het vandag te veel halfgeleerdes en te min opgevoedes, te veel halfgeskooldes en te min geskooldes op tegniese gebied.

(Deur Hugenoot).

# Mussolini se Moordenaars Nie Verhoor

Die bekende anti-Fascistiese advokaat Ambrisino, wat onlangs daarop aangedring het dat die kommunistiese moordenaars van Mussolini voor die hof gedaag moet word om te boet vir hul misdaad teenoor die volk van Italië, is vir ses maande geskors deur die Italiaanse Vereniging van Regsgeleerdes.

Die Kommuniste het onlangs aangekondig dat Welter Audiso verantwoordelik was vir die moord op die Italiaanse Duce, en dat hy deur hulle vereer is daarvoor.

# *Basoeto's Wil Britte Aankla By V.V.O.*

**Die naturelle van Basoetoland gaan 'n afvaardiging na die sitting van die V.V.O. stuur in September om protes aan te teken teen die beweerde inkorting van die vryheid van Basoetoland deur die Britse regering wat al die ooreenkomste wat tussen koningin Victoria en Mosjes aangegaan is, sou geskend het.**

Daar is verklaar dat die aantal Basoetohoofde van jaar tot jaar verminder het en dat hulle al minder mag beklee. Die beheer van die land is uit hul hande geneem, word betoog.

'n Verteenwoordiger van die Kommunistiese Party het die konferensie waarop hierdie besluit geneem is, bygewoon. Hy het hulle toegespreek en gevra om te verenig om hulle vryheid te herwin.

Die Engelse pers in Suid-Afrika, sowel as in die buiteland het onlangs tydens die besoek van die Britse koning aan Basoetoland groot ophef gemaak van die lojaliteit van die Basoeto's teenoor die koning.

# Studente Ontaard Onder Dekmantel Van Liefdadigheid

**Die openbare mening teen die toenemende gebruik van die studente van die Universiteite van Kaapstad en Witwatersrand om tydens hul joolfeeste waarmee hulle geld vir liefdadigheid insamel, bykans naak op straat te verskyn, het eindelik die afgelope weke tot uitbarsting gekom. Nie alleen het die Kerk hom sterk hierteen uitgespreek nie, maar ook ander openbare liggame het hul stem laat hoor.**

„Die Hospitaaljool van die Kaapse studente wek seker by elke reggeaarde mens gedagtes van kommer, en ontsteltenis selfs, oor die openbare onsedelikheid in ons land", skryf Die Kerkbode. Die blad haal verder die woorde van 'n Engelse dagblad aan: „Die jool op Saterdag was een van die mees naakte (undressed) wat die Universiteit nog gehou het. Die weer was ideaal vir daardie weelderige uitstalling van naakte figure met vyeblare, waarop Kaapstad ge'rakteer is."

Die blad verklaar dat geestelike waardes verontagsaam word. „Dit is 'n verkeerde rigting waarin dinge ontwikkel en die gevolge sal in meer as een opsig noodlottig wees vir ons land. Die mens se liggaam is 'n skoon en heilige besit. Om dit op so 'n opvallende wyse ,uit te stal', veral voor die oog van duisende naturelle en kleurlinge, verhef nie, maar verlaag die sedelike peil van ons samelewing."

Die A.C.V.V., tak Kaapstad, het ook 'n brief aan die senaat van die Kaapse Universiteit gerig om beswaar te maak teen die ontoereikende klere-drag van die studente tydens die hospitaaljool. Op die vergadering van die tak is sterk beswaar gemaak teen die gebruik om half-naak op straat te verskyn. Die V.L.V.-tak, Kaapstad het ook op soortgelyke wyse opgetree.

### JOHANNESBURG

*Aan die Universiteit Witwatersrand het die praktyk reeds verder ontwikkel waar blanke sowel as nie-blanke studente van hierdie inrigting byna naak op die vlotte in die strate van Johannesburg paradeer.* Die Vaderland spreek hom in 'n hoofartikel baie sterk teen hierdie gebruik uit! „Dit is 'n deurmekaar wriemeling van kleure, van meer as half naakte blanke meisies wat met naturel en kleurling onnadenkend verbroeder". Die vertoning was walgend. Dit kan nie gedoog word dat die toestand voortwoeker nie. Die sosiale omgang wat rassevermenging vooraf gaan, kan nie sommer deur die vingers gesien word nie, verklaar die blad. „Want die vrymoedigheid waarmee sulke dinge . . . uitgestal word, is grond vir ernstige bedenkings aangaande die gemeensaamheid van die verkeer van die rasse in die meer geslote sosiale wêreld van die Universiteit."

### SKOKKEND

Ook Eendrag, orgaan van die V.P. aan die Rand het sy stem laat hoor. Die blad skryf dat die Johannesburger nie maklik geskok raak nie, maar „'n paar van die Universiteitsdames was absoluut skokkend gekleed—of moet ons sê naak." „Die gevalle waarna ons verwys is waar dames tussen menigtes heen beweeg het sonder enige kledingstuk onder die dunste deurskynende omhulsel". Dit is iets wat nie goedgekeur kan word nie meen die blad, en verklaar verder dat dit verbasend is dat die polisie dit kon toelaat.

Die Sinodale Kommissie van die Ned. Herv. of Geref. Kerk het ook sy teleurstelling uitgespreek oor die gees wat die Joolblad van die Universiteit van Pretoria openbaar. Dit is 'n onrusbarende geesteshouding, word verklaar.

# IN RIGTING VAN O.B.-BELEID

# Munisipale Kongres Soek Groter Eenheid

**Ons huidige stelsel van plaaslike owerheid moet heeltemal hersien en nouer by die sentrale regering ingeskakel word. Soos die stelsel vandag funksioneer openbaar dit baie swakhede waarvan die vernaamste die gebrek aan eenvormige optrede is in die administrasie van die munisipale sake in die vier provinsies.**

Hierdie mening is verlede week uitgespreek op die jaarkongres van die Instituut van Munisipale Tesouriers en Rekenmeesters wat in Johannesburg gehou is. Die stadstesourier van Johannesburg, mnr. I. Holmes, het verklaar dat die enigste manier om hierdie gebrek uit die weg te ruim, is om 'n kommissie van ondersoek aan te stel om die saak in orde te bring.

Hy het verder daarvan gewag gemaak dat die stelsel soos hy veertig jaar gelede aanvaar is, vandag verouderd is. **Baie funksies wat deur die sentrale regering uitgevoer moet word, word vandag deur plaaslike owerhede waargeneem. Dit geskied ten koste van die belastingbetalers.**

**Benewens die veelvuldige aspekte wat die kommissie sal moet ondersoek, is of dit nie nodig is om 'n ministerie van plaaslike owerhede in die lewe te roep nie.**

### O.B.-BELEID

Dit is opvallend tot watter groot mate hierdie mening van die munisipale kongres dat die sentrale regering en plaaslike owerhede nader aan mekaar gebring moet word, ooreenstem met die beleid van die Ossewabrandwag. In die uiteensetting van Beleidspunt Nr. 2 soos gepubliseer op gesag van die Grootraad, word verklaar:

**„Daarom sê die Ossewabrandwag dat hy 'n eenheidstaat nastreef, waarin daar wel stadsbesture sal wees — net soos elke besigheid sy bestuur moet hê — maar waarin daardie besture ondergeskik gaan wees aan die sentrale regering want volksbeleid gaan voor stadsbeleid, en ook voor provinsiale beleid. . . ."**

Sedert die bestaan van die Unie, het dit telkens geblyk dat dit nodig is om die sentrale en plaaslike owerhede nader aan mekaar te trek omdat die twee liggame mekaar dikwels in die wiele ry en selfs twee uiteenlopende koerse inslaan ten koste van die volksbelang.

### IN WIELE GERY

Een tipiese voorbeeld hiervan is dié tydens die regering van genl. Hertzog waarin 'n ooreenkoms met Duitsland aangegaan is dat van elke £1 ware wat ons van hulle invoer, sal hulle £1 van ons wol koop. Ons het hulle lokomotiewe en elektriese ware nodig gehad, en hulle ons wol.

Maar in sy eie wysheid het die stadsraad van Johannesburg destyds 'n agitasie teen hierdie beleid aan die gang gesit en die buitelandse beleid van die Unie gesaboteer. **In weerwil van die regering se beleid het hulle duurder Britse tenders aanvaar teenoor goedkoper Duitse tenders. Dus met elke £1 boikot van Duitse ware, is daar ook £1 minder Suid-Afrikaanse wol gekoop.**

As daar gelet word op die feit dat 'n stad soos Johannesburg meer inwoners het as die hele Vrystaat saam, kan besef word hoe 'n groot deel van die volk regstreeks deur besluite van plaaslike owerhede geraak word en watter belangrike onderdele munisipale besture van die staat vorm. Dit word dikwels uit die oog verloor dat daar ander belange is as net dié van die regeringsorgane.

# Groter Planne In Verband Met Boikotbeweging

## „Vreesaanjaend" Sê Teenstander

Die Indiër-boikot wat reeds in Transvaal soveel opgang gemaak en die winkels van Indiërs laat krimp het, is nie alleen besig om 'n positiewe beslag te kry nie, maar is vinnig besig ook oor Kaapland te versprei. Op plekke waar blanke handelaars in Kaapstad nooit 'n bestaan kon maak nie omdat hulle nie in staat was om met die Indiërs met hul laer lewenstandaard, mee te ding nie, het hierdie blanke handelaars vandag florerende besighede, terwyl die Indiërs se winkels 'n merkbare agteruitgang toon.

In Transvaal sal hierdie boikot op 28 Mei sy finale beslag kry wanneer die kongres van die Suid-Afrikaanse beskermingsbond in Pretoria vergader. Op hierdie kongres sal die finale besprekings om die Beweging as maatskappy te registreer, plaasvind. Die voorneme is om by die registrateur aansoek te doen sodat die beweging regspersoonlikheid kan verkry. Die Akte van Oprigting sal hier goedgekeur word.

### POSITIEWE BESLAG

Daar sal verder bespreek word hoe die boikotbeweging teen Indiërwinkels vir die blanke handelaars en uitbreiding van Afrikaanse sake, benut kan word.

Die boikotbeweging het sulke afmetings aangeneem dat sy leiers besef dat die tyd aangebreek het om die saak 'n positiewe beslag te gee, en dat van die geleentheid gebruik gemaak moet word om Afrikaanse sake in die lewe te roep.

Dit blyk dat waar blanke handelaars nooit 'n ordentlike bestaan kon maak nie, hulle sedert die begin van die boikot goeie sake doen en besig is om die Indiërs vir goed uit te druk.

**Op baie plekke wil die mense graag die boikot steun, maar daar is geen blanke handelaars nie. In hierdie behoefte sal daar voorsien word. Rustenburg het reeds 'n groot bedrag vir hierdie doel ingesamel.**

### IN KAAPLAND

Selfs op plekke waar daar in Kaapland nog geen aksiekomitee gestig is om die boikot te loods nie, neem die Afrikaanssprekende, en veral die boerebevolking soos een man aan die boikot deel, en beskou hulle dit as 'n vernedering om by die Indiërs in te stap. Op verskillende plekke is daar reeds formele besluite geneem.

**Op Touwsrivier het 'n goed bygewoonde vergadering verlede week tot boikot besluit.**

Bewys van die sukses van die boikotbeweging is die vrees wat in die afgelope week deur teenstanders van die beweging uitgespreek is.

### „VREESAANJAEND"

**„Die mees vrees-aanjaende feit in verband met die Indiërboikotbeweging is die snelheid waarmee dit deur die land versprei," het mnr. Colin Legum, 'n bekende lid van die Arbeidergroep in die Johannesburgse stadsraad verklaar. „Die besigheid van die Indiese winkels het sensasioneel in baie dele verminder." Hy het daaraan toegevoeg dat Afrikaans sowel as Engelssprekende persone die boikot steun.**

Ook die lede van die Verenigde Party doen hieraan mee. Daar is haas geen plek meer in Transvaal en Natal waar nie tot boikot besluit is nie. Dit het soos 'n veldbrand versprei, het hy verklaar.

# Joodse Terroriste Slaan Toe In S.A.

## *Soldate Aangerand Deur Immigrante*

**Die Joodse terroristiese organisasie, Irgun Zvai Leumi, wat een van die twee bewegings is wat dit vir die Britte so warm maak in Palestina, het verlede Vrydagaand in Kaapstad toegeslaan toe twee oudsoldate, van 'n Natalse regiment deur hulle aangerand is.**

Die twee oudsoldate, wat albei Afrikaanssprekend is, was op pad na hul woning in 'n Kaapse voorstad nadat hulle 'n vergadering bygewoon het in verband met 'n re-unie van hul Natalse regiment. Hulle is ewe plotseling aangeval deur 'n paar sterkgeboude Jode wat hulle plat geslaan het.

**Onderwyl hulle verder op die grond gekarnuffel is, het die Jode aan hulle gesê dat hulle lede van die Irgun Zvai Leumi is, en dat hulle van nou af hul idees vir hulle sal begin deurmekaar skud. Een het te kenne gegee dat hy 'n immigrant is wat kort gelede tot die land toegelaat is.**

Na die aanranding het hulle twee skerp fluite gegee en twee motors het kort na mekaar opgedaag en die Jode weggeneem.

### GLO DIT NIE

Die slagoffers het daarop na die polisie gegaan om die saak aan te meld. Dit was blykbaar die eerste maal dat die konstabel van die Irgun Zvai verneem het, want toe dit aan hom gesê word dat dit lede daarvan is wat die aanranding gepleeg het, was sy vraag: „Is julle seker julle is nie dronk nie?"

**Die motief agter die aanranding skyn te wees dat op 'n vorige vergadering van die oudsoldate die vraag geopper het of Jode ook tot die re-unie toegelaat sal word. Een van die twee aangerandes, wat glo 'n studie van die Joodse vraagstuk maak, het onder andere deelgeneem aan die bespreking.**

# OORLOG TEEN BRITTE



**So lyk dit waar die Jode met die Britse bewind in Palestina afreken. Joodse terroristiese bedrywighede het onlangs weer nuwe hoogtes bereik. Die foto toon die puin van polisiebarakke nadat die Jode dit onder die bomme gesteek het. Vier lede van die Britse polisiemag het die lewe gelaat terwyl ses ander ernstig beseer is.**

# VERHOOR VAN ERIC HOLM

Die verhoor van dr. Eric S. Holm wat tydens die oorlog oor die Duitse radio sou uitgesaai het, en tereg staan weens beweerde hoogverraad, sal op 26 Mei voor 'n spesiale hof in Pretoria verskyn. Saam met hom word M. J. Pienaar, dr. J. A. Strauss en J. J. Snoek aangekla.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.

# Duitsers Word Deur Russe Gedeporteer

**Baie Duitse krygsgevangenes wat deur die Amerikaanse en Britse owerheid in vryheid gestel word in Duitsland en na hul wonings in die Russiesbesette gebied terugkeer, word deur die Russe opgekommandeer en na Rusland gedeporteer om verpligte arbeid te verrig.**

Duitse geestelikes het hierdie feit onder die aandag van die Geallieerde Beheerraad gebring en gevra dat daar 'n einde aan gemaak moet word. Dit is nie alleen in stryd met die Volkereg nie, maar ook met die Haagse Konvensie.

Vir „deportasie van burgerlike persone" moes elf Duitse leiers met hul lewens boet en word Duitse leiers vandag nog voor die hof gedaag en strawwe uitgedeel. As veroweraar is dit volgens die maatstaf van die Geallieerdes geen onreg om mense te deporteer nie. Dit is alleen 'n misdaad as jy ongelukkig genoeg is om die oorlog te verloor.

# Gematigde Indiërs Stig Party Teen Kommuniste

**Die wetsoortredende en agiterende Indiërs in Suid-Afrika wat verantwoordelik is dat die blankes hulle besigheidsondernemings boikot, en wat in hul agitasie dat hulle onderdruk word die aktiewe steun van die Kommunistiese Party geniet, ondervind tans teenstand in hul eie geledere.**

In Durban het 'n groot aantal gematigde Indiërs verlede week 'n nuwe party gestig. **Volgens inligting wat ingewin is poog hulle nie alleen om 'n beter verstandhouding tussen die regering en die Indiërs daar te stel nie, maar gaan hulle die kommuniste in hul geledere daadwerklik beveg.**

Die nuwe organisasie onder leiding van Kajee en Pather sluit alle Indiërs wat aan ander politieke partye behoort, byvoorbeeld uit. Geen Kommuniste word as lede toegelaat nie. Die naam van die beweging is die Nuwe Indiese Organisasie.

Die sprekers op die kongres het verklaar dat 'n vreemde ideologie in die Indiër-kongres deur die Kommuniste ingedra is. Hulle het ten doel om die hele Kongres te domineer.

Hulle het gesê dat hulle nie kans sien om verder met die Natalse Indiër-kongres saam te werk nie omdat dié nie bereid is om 'n kompromis met die regering aan te gaan nie, beledigende taal gebruik en te strydlustig is.


# EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

**Die alombekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drankies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.**

| P R Y S L Y S | Per bottel in kassies van 12 bottels | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Ou Port .. .. .. .. .. | 2/9 | — |
| Inwalide Port .. .. .. .. | 3/3 | — |
| Spesiaal Soet .. .. .. .. | 2/9 | 12/6 |
| Wit en Rooi Jeripiko .. | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Malmsey .. | 2/- | 10/- |
| Wit en Rooi Muskadel .. | 1/11 | 9/6 |
| Soet Port .. .. .. .. .. | 1/11 | 9/6 |
| Port, Pontak, Worcester Hock .. .. | 1/10 | 9/- |
| Spesiale Sjerrie (Soeterig) | 1/10 | 9/- |
| Goudkleurige Sjerrie .. .. | 1/9 | 8/6 |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. .. | 2/6 | — |
| „Cocktail" .. .. .. .. .. | 4/3 | — |
| Vermouth (Droog of Soet) | 3/- | — |
| Swartberg Sjerrie .. .. .. | 2/9 | — |
| **DROë WYNE:** | | |
| Boergonje (Rooi) .. .. .. | 2/- | — |
| Riesling (Droë Wit) .. .. | 1/9 | — |

| P R Y S L Y S | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling vaatjies. |
|---|---|---|
| **VONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante (Soeterig) .. .. .. .. | 10/3 | — |
| Grande Splendore (Droog) | 7/9 | — |
| Vonkel Boergonje .. .. .. | 8/9 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Aurora V.S.Q. (Die allerbeste) .. .. | 10/- | — |
| Eureka .. .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A.1. .. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Royal .. .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEUR:** | | |
| Peperment, Perske, Appelkoos, Piesang .. | 7/- | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Naaltjie .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Van der Hum .. .. .. | 6/6 | — |
| **JENEWER (GIN):** | | |
| Droë, Lemoen, Suurlemoen .. .. .. .. .. | 7/6 | — |

VERKOOPSVOORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottels of 5 gelling vaatjie, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatjie of 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvangs van die leë goed, vraggeld betaald na Vlakteplaats-stasie. (3) Stuur kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.a. u naaste stasie.

**EXCELSIOR WYNMAKERY (EDMS.) BPK.**
POSBUS 1, VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.